

Die invloed van plek en ruimte op die identiteitskonstruksie van vrouemigrante binne die Suid-Afrikaanse konteks na aanleiding van *Zebra crossing* (2013) deur Meg Vandermerwe

Marietjie Lambrechts

Marietjie Lambrechts, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans,
Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Migrasie uit ander Afrikalande na Suid-Afrika neem toe as gevolg van onder andere konflik tussen etniese groepe, natuurrampe, armoede, siektes, hongersnood en werkloosheid. Alhoewel vroue 'n belangrike komponent van die statistiek oor migrantegetalle uitmaak, is die unieke aanpassingsprobleme wat vroue as gevolg van die migrasieproses ervaar, tot onlangs toe nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd in migrantestudies geïgnoreer. Om die komplekse gelaagdheid van geslag in migrerende omstandighede te verstaan, moet migrasie in 'n veel wyer konteks as wat tans die geval is, ontledend en empiries bestudeer word. Benewens sosiologiese en ekonomiese studies oor die onderwerp kan migranteliteratuurtekste 'n belangrike bydrae lewer, omdat dit reflekteer op eksistensiële uitdagings in multikulturele en meertalige kontekste binne 'n bepaalde ruimte. Hierdie artikel wil teen die agtergrond van bestaande literatuur oor die onderwerp aandui hoe 'n literêre teks juis hierdie funksie kan vervul. Vir hierdie doel is *Zebra crossing*, 'n migranteliteratuurroman deur Meg Vandermerwe wat in 2013 verskyn het, as vertrekpunt gekies. Die roman slaag by uitstek daarin om die unieke uitdagings, ten nouste verbonde aan plek en ruimte waarmee migrantevroue in Suid-Afrika gekonfronteer word, op die voorgrond te plaas. Hierdie uitdagings korreleer direk met die aanpasbaarheid (al dan nie) binne gasheerlande. Wat uit die artikel blyk, is dat ervarings binne 'n spesifieke plek en ruimte 'n wesenlike invloed op die identiteitskonstruksie van vrouemigrante het. Die artikel dui ook aan dat die kruisbestuiving tussen 'n literêre teks en verskillende vakdissiplines nie alleen lei tot 'n beter interpretasie van die literêre teks nie, maar ook 'n wesenlike bydrae tot die betrokke vakdissipline(s) lewer.

Trefwoorde: geslag; ideologie; kollektiewe identiteit; magsverhoudings; migranteliteratuur; migrantevroue; migrasie; persoonlike identiteit; plekbewustheid; plekgebondenheid

Abstract

The influence of place and space on the identity construction of female migrants within the South African context with reference to *Zebra crossing* (2013) by Meg Vandermerwe

Migration from African countries to South Africa is on the increase as a result of, among other things, conflict between ethnic groups, natural disasters, poverty, disease, famine and unemployment. Although women form an important component of the statistics on migrant numbers, the unique problems of adjustment experienced by women as a result of the migration process have until recently been ignored in migrant studies not only in South Africa, but also worldwide. To understand the complex layers of gender in migratory conditions, migration needs to be studied analytically and empirically in a much broader context than is currently the case. Apart from sociological and economic studies on the subject, migrant literature texts can make an important contribution because literary texts reflect on existential challenges in multicultural and multilingual contexts within a particular space. Against the background of existing sociological and economic literature on the subject, this article aims to indicate how a literary text can eminently fulfil this function.

To this end, *Zebra crossing*, a migrant literary novel by Meg Vandermerwe, which was published in 2013, was chosen as the starting point. As a non-migrant writer, Vandermerwe gives voice to migrant women who, for a variety of reasons, do not have the ability to communicate their own experiences. The novel is particularly successful in highlighting the unique challenges closely linked to the place and space migrant women are confronted with in South Africa. These challenges correlate directly with their adaptability (or otherwise) in host countries because place and space are inextricably linked to the formulation of both a cultural and a personal identity construction.

Place identity, defined by Prohansky, Fabian and Kaminoff (1983) as a potpourri of memories, conceptions, interpretations, ideas, and related feelings within a particular space, forms the cognitive database underlying the formation of a group's cultural identity construction. This cognitive database is created through exposure to a particular value system and behavioural patterns, as developed and embedded within a particular cultural orientation within a geographical space. Place and space in terms of identity formulation are therefore nothing but social categories with a shared social meaning as a result of the interaction between members of a group.

Behavioural patterns resulting from a collective identity are consciously maintained and sanctioned by means of power relationships. Power manifests on the one hand in clearly discernible ways through statutory laws and penalties. On the other hand it is enforced through a conditioning process and maintained by generally accepted social practices, underpinned by a particular cultural, religious or ideological orientation. Bourdieu (1991) illustrates how a particular cultural orientation has the power to structure, condition and enforce certain practices in everyday life through subjective experiences he calls *habitus*. This concept encompasses the subjective experiences of an individual when external power structures are internalised and, without questioning, become part of the individual's frame of reference in an almost natural way. This includes discrimination due to racism, sexism, gender, and physical abnormalities that marginalise people.

From the definition of Prohansky et al., place identity, comprising two interdependent but distinct concepts, namely place attachment and place awareness (a sense of a place), develops. Through place attachment an individual develops a deeply rooted emotional connection with a place, “a sense of belonging”. This is underpinned and affirmed by a specific value system and/or underlying ideology that is accepted, maintained and lived by the specific group occupying the geographical space without questioning.

Place awareness is related to an individual’s experience(s) in a particular place or space. These experiences, which also include emotional connections, are directly linked to the awareness of a place within a particular cultural, historical and spatial context. It also includes constructed socially and culturally shared meanings. Place, therefore, is not only a physical space within which interaction among members of a particular cultural group takes place, but also the manifestation of personal and collective identity formation, a way in which the individual experiences and understands the world in which she/he lives.

Place awareness really comes to the fore only when the living space or cultural identity of the group to which the individual belongs is challenged for some reason. Migrants who have exchanged the familiar space of their homeland for another, foreign or conflicting, cultural orientation in the host country become acutely aware of the new space or place. Where place awareness in the first phase of a personal identity construction is related to security and a general sense of well-being, the migrant experiences spaces and places in the host country as hostile and unaccommodating. This correlates directly with views of the “self” and the so-called “other”. The combination of these two processes results in a sense of being different, an acknowledgment of “the other”, and the recognition of one’s own otherness and consequent mechanisms of inclusion and exclusion, which in turn are maintained by public policy and the everyday actions of residents.

Private and public spaces are social constructs that conceptualise different domains of daily life. Social constructs are always intertwined with concepts such as power, subjectivity, gender, class, cultural orientation, and individual preferences and perceptions. Therefore, a space can never only be public or private, but overlaps on a variety of levels. Both migrants and the indigenous population are confronted with other cultural orientations that are foreign territory to both groups. Adjustments to an already formed identity construct and personal conditions must be negotiated anew within a different social context, institutional frameworks and relationships, not only at the personal level, but also within the broader public context in host countries. Migrants who fail to make the necessary adjustments to an already formed personal identity construct organise themselves into separate groups on the fringes of the community. Resistance against these islands of otherness in host countries makes assimilation of migrants into indigenous communities virtually impossible and indigenous citizens respond with suspicion, fear or violence. The way this conflict is handled has far-reaching implications for the host country.

Female migrants entering public spaces are often victims of discrimination, stereotyping or insults by not only members of the dominant group in the host country, but also other male migrants. In many cases the intimate interior space of a private home does not provide a safe haven either, as it is often the place where a female migrant is exposed to gender discrimination and/or domestic violence.

Memories and imagined spaces play an important role in cases where migrants are unable to adapt to host countries. Experience and interpretation of circumstances in the host country are interlinked with past events. For migrants in distressed situations, place awareness includes a return to the place(s) with which a particular emotional bond was formed, in an attempt to find new meanings.

Zebra crossing by Meg Vandermerwe specifically highlights the vulnerability of female migrants in host countries when they cannot escape culture-oriented discrimination. Her “place” in this sense spans all the different spheres of social categorisation in the country of origin as well as in the host country that influence or has influenced her personal identity construction. Therefore, women migrants rarely succeed in adjusting to an already established identity construct in the host country. Additional problems such as the challenges of clashing cultures, poverty, social isolation, limited rights to negotiate problems in the workplace, poor access to health services, domestic violence, hate speech, xenophobia, insults, and various forms of discrimination leave her helpless, stripped of human dignity and unwelcome in a country in which she has placed her hope for better living conditions.

What becomes clear from the article is that the effect of migration penetrates and influences the intimate dimensions of women migrants’ personal lives. These include emotions, feelings, strategies of self-presentation, social interaction and the ability to determine their own destiny. The unique challenges and associated problems such as, among other things, sexism, racism and the legacy of colonialism that she must face due to migration can no longer be overlooked in migrant studies. The article also indicates that the cross-pollination between a literary text and different subject disciplines not only leads to a better interpretation of the literary text, but also makes a significant contribution to the relevant discipline(s).

Keywords: collective identity; gender; ideology; migrant literature; migrant women; migration; personal identity; place attachment; place awareness; power relations

1. Inleiding

Die impak van migrasie wêreldwyd moet nie onderskat word nie. Vluchteling, asielsoekers en onwettige migrante plaas nie alleen ’n ekstra las op ekonomiese bronne binne gasheerlande nie, maar verskillende kulturele oriënterings en verwysingsraamwerke bied bykomende uitdagings. In die lig hiervan hanteer baie gasheerlande migrasie as ’n destabiliserende faktor wat streng gereguleer moet word.

Reeds vir die laaste paar dekades is min of meer die helfte van alle migrante wêreldwyd vroue. (Piper 2009:3). Desnieteenstaande word migranteproblematiek, op enkele uitsonderings na, uitsluitlik deur ’n manlike lens bestudeer (Andall 2018:4; Antman 2018a:731, 737; Mbiyozo 2018:3; Ladele en Omotayo 2017:53; Fleury 2016:1; Memela 2014:3; Pessar en Mahler 2003:812). Trouens, daar is aanduidings dat lande wat oor geslagsonderskeidende migrasiedata beskik oor die afgelope jare eerder afgeneem as toegeneem het (Fleury 2016:1). Redes is uiteenlopend, maar hang veral saam met ’n kapitaalgerigte model wat ekonomiese faktore as die oorwegende rede vir migrasie na gasheerlande uitsonder (Antman 2018b:16; Fleury 2016:1). Alhoewel min navorsingsresultate beskikbaar is, word aanvaar dat vroue, in sowel lande van oorsprong as in gasheerlande, op ’n heel ander manier as mans deur die migrasieproses beïnvloed

word, veral op liggaamlike en emosionele vlak (Antman 2018b:16; Krummel 2014:724; Piper 2009:7). Geslagsneutrale uitgangspunte verhoog die kwesbaarheid van migrantevroue, omdat hul unieke omstandighede en gepaardgaande probleme soos onder andere seksisme, rassisme en die nalatenskap van kolonialisme nie in ag geneem word binne die groter magstrukture nie (Krummel 2014:721; Piper 2009:12).

Om die komplekse gelaagdheid van geslag in migrerende omstandighede te verstaan, moet migrasie in 'n veel wyer konteks as wat tans die geval is, ontleidend en empiries bestudeer word. Hierin kan literêre tekste 'n besondere bydrae lewer, veral werke met eksistensiële uitdagings in multikulturele en meertalige kontekste as tema(s). Op persoonlike vlak word die nuanses, kompleksiteite en teenstrydighede wat migrante en inwoners van gasheerlande daaglik ervaar, belig. 'n Literêre teks wat fokus op die unieke ervarings van vrouemigrante illustreer die gekombineerde effek wat onder andere geslag, etnisiteit, regstatus, wyses van binnekoms en kulturele oriëntering op die identiteit van vroue in die besonder het.

Die invloed van plek en ruimte op die vorming van kollektiewe en persoonlike-identiteitskonstruksies word lank reeds in identiteitstudies verreken, maar ontvang nie veel aandag in migranteliteratuurstudies nie. Hierdie artikel wil aan die hand van *Zebra crossing* deur Meg Vandermerwe (2013) die unieke en eiesoortige probleme wat vroue in die verskillende ruimtes of plekke waarin hulle hul gedurende die migrasieproses bevind, ondersoek en in die kollig plaas. Onlangse gevallestudies, gebaseer op persoonlike onderhoude met vrouemigrante uit Afrikalande waarin spesifiek gefokus is op hul ervarings in Suid-Afrika na migrasie, dien as agtergrond vir hierdie studie (Mbiyoza 2018; Memela 2014; Kihato 2013; Wanka 2008).

2. Migranteliteratuur

Die wetenskaplike diskoers oor migranteliteratuur het die afgelope twee dekades aansienlik verander. Afkoms van die skrywer, sy of haar status as migrant, persoonlike ervarings, die oorsteek van kulturele grense en die taal waarin die literêre werk aangebied word, was aanvanklik deurslaggewende parameters (Lambrechts 2019). Onlangse definisies van die genre fokus op migrante-ervarings, ongeag of die skrywer self 'n migrant is al dan nie. Niemigrante-skrywers slaag dikwels daarin om stem te gee aan individue wat 'n vastrapplek in 'n toenemend globaliserende wêreld probeer vind, maar om 'n verskeidenheid redes nie oor die vermoë beskik om self hul ervarings te kommunikeer nie (Perl 2019:18).

Alhoewel daar toenemend migranteliteratuurtekste in Suid-Afrika verskyn, is die genre nog nie ingeburger in die Afrikaanse literêre sisteem nie. In hierdie opsig lewer 'n teks soos *Zebra crossing* 'n belangrike bydrae, nie alleen tot migranteproblematiek in die algemeen nie, maar tot die spesifieke fokus op die lot van vrouemigrante in Suid-Afrika.

Die roman vertel die verhaal van Chipso Nyamubaya en haar broer George wat uit Zimbabwe na Suid-Afrika migreer. Op die vooraand van die Wêreldbekersokkertoernooi stroom migrante uit die sub-Saharastreek na die land om te deel in die ekonomiese voordele wat almal voorspel. In President's Heights, 'n vervalde woonstelblok in een van Kaapstad se krotbuurte met uitsluitlik migrante as inwoners, deel Chipso en haar broer 'n enkelkamer en badkamer met twee volwasse mans. Sokkerkoors, deel van die herinneringe aan haar ma wat 'n fanatiesse

Manchester United-ondersteuner was, laat Chipso op 'n manier berus in die haglelike omstandighede waarin sy haar bevind. Sy leef met die verwagting dat sy en George binnekort na Zimbabwe sal kan terugkeer – Suid-Afrika lewer nie die melk en heuning waarop sy gehoop het nie. Uiteindelik verloor Chipso alle hoop dat haar lewensomstandighede ooit sal verbeter. As vrou, 'n persoon met albinisme en ongewenste migrant word sy die slagoffer van meervoudige diskriminasie (Bradbury-Jones 2018:3). Die sogenaamde Moederstad wat volgens die naam daarvan veronderstel is om al sy inwoners te omarm, bied geen tuiste, geen sekuriteit, geen erkenning en geen aanvaarding nie. Intendeel, Kaapstad word die plek waar Chipso nie alleen haar menswaardigheid verloor nie, maar ook haar emosionele en fisieke lewe.

3. Geslags- en magsverhoudings

Geslag is een van die oudste kragte wat gebruik word om mense se lewens te beheer en te vorm. Dit is niks anders as 'n struktuur van geïnstusionaliseerde sosiale verhoudings wat deur die skepping en manipulering van geslagskategorieë magsposisies aandui en organiseer nie (Pessar en Mahler 2003:813). Die belangrikste aspekte van 'n individu se lewe, insluitend seks, familiebande, opvoeding, ekonomiese deelname en die staat, word georganiseer ooreenkomstig geslagsbeginsels en is deurspek met konfliktskeppende belange en hiërargieë van mag en voordele. Die aanvaarding dat geslag ingebed is in magshiërargieë lê die fondament vir strukturele faktore wat geslagsverhoudings saam met ideologiese faktore beheer en in stand hou. Dit kruis ook met ander sosiale verhoudings soos klas, status, etnisiteit, religie, en lewens- en wêreldbeskouing. Al hierdie faktore vorm 'n komplekse gelaagdheid met 'n eie dinamika van insluiting en uitsluiting (Piper 2009:1).

Geslagsrolle beïnvloed geslagshiërargieë in lande van sowel vertrek as aankoms en dit is vanselfsprekend dat dit 'n beduidende invloed op die lewens en ervarings van migrante sal hê. Indien kultuurgeoriënteerde diskriminasie teen vroue in die land van oorsprong geld, word dit in die gasheerland voortgesit (Andall 2018:6). So byvoorbeeld beperk 'n kulturele oriëntering of ideologiese verwysingsraamwerk vroue se keuse om te migreer al dan nie. In 'n patriargale sisteem word vroue dikwels teen hulle sin deur hul eggenote of ander manlike lede van hul naby familie gedwing om te migreer. Ekonomies afhanklike vroue migreer gewoonlik om by hul mans aan te sluit en die gesin te herenig. In *Zebra crossing* het Chipso geen ander keuse as om haar broer sonder enige teenspraak te gehoorsaam nie: “Borders rhymes with orders. You follow your brother’s orders. You have no choice” (3). In Zimbabwe het sy grootgeword in 'n diskriminerende kultuursisteem waarin op vroue neergesien word. Gelate aanvaarding van die status quo lei tot haar verskriklike lot en ondergang.

Vir vroue wat uit vrye keuse na gasheerlande migreer, is migrasie geen waarborg dat hulle geslagsdiskriminasie sal vryspring nie. Jong vroue en meisies word deur gewetenlose misdadigers gewerf met die belofte van werksgeleenthede en beter lewensgehalte in gasheerlande (Jolly en Reeves 2005:17). Ongelukkig word hierdie vroue dikwels vasgevang in gedwonge arbeidspraktyke, gedwonge huwelike, prostitusie, huiswerk of ander soortgelyke vorme van uitbuiting (Andall 2018:8, 17, 19, 21). In *Zebra crossing* word Chipso aan soortgelyke uitbuiting blootgestel. Sy kry aanvanklik werk by 'n ander migrant wat haar menswaardigheid respekteer, maar word deur haar broer gedwing om deel te word van 'n onheilige dobbelsindikaat. Hy onderwerp haar sonder om 'n oog te knip aan die uiterste vorme van diskriminasie, uitbuiting en onderdrukking. Vir haar broer is sy niks anders as 'n

handelsartikel wat hy na willekeur kan verhandel wanneer dit hom pas nie. Terwyl George en Dr. Ongani onderhandel oor Chipo se pligte in hul gesamentlike besigheidsproposisie, sit sy eenkant en brei: “No one addresses me directly. As usual, I am not part of the negotiations” (113). Al wat van haar verwag word, is om te doen wat aan haar gesê word: ““She has no brain for business’ my brother interrupted. ‘Just do what we tell you. OK Tortoise?’” (122). As sy nie doen wat van haar verwag word nie, klap George haar deur die gesig, en haar bril, waarsonder sy glad nie kan sien nie, val stukkend op die vloer. In plaas daarvan om haar te beskerm laat George vir Chipo aan haar eie lot oor (133).

4. Ideologiese magsverhoudings

Wat magsverhoudings aanbetref, maak Pessar en Mahler (2003:815) ’n onderskeid tussen die liggaam, die familie (gemeenskap) en die staat. Dit is juis binne die wisselwerking tussen liggaam, familie en staat dat geslagsideologieë en -verhoudings bevestig en/of verander word. Mag kan enersyds op duidelik waarneembare wyses manifesteer deur middel van statutêre wette en strafmaatreëls. Andersyds kan dit deur ’n kondisioneringsproses afgedwing en in stand gehou word deur algemeen-aanvaarde sosiale praktyke, onderlê deur ’n bepaalde kulturele of ideologiese oriëntering. Bourdieu (1991:12) illustreer hoe ’n bepaalde kulturele oriëntering die mag het om te struktureer, te kondisioneer en sekere praktyke af te dwing in die alledaagse lewe deur middel van subjektiewe ervarings wat hy die *habitus* noem. Vir hom omvat hierdie begrip die subjektiewe ervarings van ’n individu wat tot stand kom wanneer eksterne magstrukture geïnternaliseer en sonder bevragekening op ’n byna natuurlike manier deel word van ’n individu se verwysingsraamwerk. *Habitus* omskryf dus die geïnternaliseerde gebruike, rituele, tradisies, oortuigings en gewoontes wat tot uiting kom in die alledaagse lewenswyse van die sosiale groep. Dit dui daarom nie alleen verskille tussen mense aan nie, maar word ook gebruik om ’n individu, of groep individue, te beheer en te kategoriseer. Wat Bourdieu met sy begrip *habitus* wil suggereer, is dat sosiale posisies ’n belangrike deel van magstrukture is waardeur mense se keuse-uitoefening en handelingsbevoegdheid aan bande gelê word. Dit omskryf die wyse waarop individue ander se lewens en ervarings beheer en beperk deur hulle te dwing tot ’n lewenswyse waaroor hulle min of geen beheer het nie (Bourdieu 1991:13). Hieronder tel diskriminasie as gevolg van rassisme, seksisme, geslag, liggaamlike abnormaliteite soos albinisme, ens. wat mense marginaliseer. Chipo aanvaar van huis uit haar ondergeskikte posisie, nie net as vrou nie, maar ook vanweë haar voorkoms as albino. Nie alleen verlaat haar pa die huis na haar geboorte nie, maar ook noem haar broer haar allerhande vernederende name. So byvoorbeeld sê Chipo: “It is my job to listen. When I am not scrubbing, or sweeping. But most of all it is my job to obey” (4). Geen opinie van haar word waardeur nie (125).

In teenstelling met ’n natuurlike kondisioneringsproses waar ’n bepaalde kulturele oriëntering van ’n spesifieke groep op ’n “natuurlike” wyse die persoonlike identiteitskonstruksie van ’n individu beïnvloed, berus ideologiese magsverhoudings op ’n bewuste denkpatroon, teorie of oortuiging wat deur die dominante groep binne ’n bepaalde ruimte afgedwing en in stand gehou word. Hierdie idee, of oortuiging, sytel die lede van die dominante groep met verloop van tyd byna onopsigtelik binne en word mettertyd saam met ’n bepaalde kulturele oortuiging as die norm vir aanvaarbare gedrag aanvaar. Gedragspatrone wat hieruit voortvloei, word bewustelik deur lede van die dominante groep gesanksioneer deur middel van religieuse, sosiale en statutêre voorskrifte. Chipo se selfbeeld en persoonlike identiteit is direk gekoppel aan die

menings oor haar van ander in die sosiale gemeenskap waarin sy grootgeword het. In die klein Zimbabwiese dorpie is sy die voorwerp van spot, diskriminasie, heksery (*namphweris*) en ander bygelowe. Selfs vir die “vriendelike” pastoor is haar voorkoms ’n onheilsteken (58). In die gasheerland verander hierdie vooroordele nie. Sy aanvaar gelate dat sy ook hier as buitestander gebrandmerk sal word, maar meer nog, dat sy die slaaf van alle mans is, dat hulle ingrypende besluite oor haar kan neem, bloot omdat sy ’n vrou is.

Persepsie van die vroulike liggaam as ’n ingeperkte ruimte onder beheer en tot voordeel en plesier van die man korreleer direk met haar posisie as ondergeskikte in die gemeenskap (Bourdieu 1991:63). Chipso is so gekondisioneer deur geïnternaliseerde gebruike en die kulturele siening betreffende die vroulike liggaam dat sy sonder teenstand toelaat dat haar broer, maar ook ander mans, haar liggaam skend en misbruik. Aanvanklik sny George net ’n stukkie hare af (127), maar later word Julius se opmerking waar (122). Haar liggaam word opgesny om as *muti* verkoop te word.

In die afwesigheid van ander vroue wat hulle in dieselfde ondergeskikte posisie bevind, is ’n vrouemigrant geïsoleer en gemarginaliseer omdat sy, of haar posisie, nie aanvaarbaar is in ’n breër gemeenskap van die gasheerland nie. Hierdie faktore speel ’n fundamentele rol in vrouemigrante se ervaring van ’n “sense of belonging”, ’n gevoel van behoort, ’n noodsaaklike parameter vir die konstruering van ’n persoonlike identiteit (Krummel 2014:721). Wanneer Chipso op die vyfde verdieping van President Heights opgesluit is en aan die ergste vorm van isolasie onderwerp word, sê sy: “Every day that I am locked away, I feel myself fading, disappearing” (128). Totale afsondering laat haar byna haar eie naam vergeet en sy herinner haarself: “Just remember who you are. Remember, Mama. Remember before” (133).

5. Die invloed van plek en ruimte op die vorming van identiteitskonstruksies

Plek en ruimte is onlosmaaklik verbonde aan die formulering van sowel ’n kulturele as ’n persoonlike identiteitskonstruksie (Ujang en Zakariya 2015; Krummel 2014:722; Viljoen, Lewis en Van der Merwe 2004:12). Met verwysing na die *genius loci* of gees van ’n plek, asook Heidegger (1962) se definisie van plek as “being in the world”, definieer Prohansky, Fabian en Kaminoff (1983:60) plek-identiteit as ’n potpourri herinneringe, konsepsies, interpretasies, idees en verwante gevoelens (persepsies) binne ’n spesifieke ruimte. Plek-identiteit is met ander woorde ’n kognitiewe databasis waarteen elke fisiese omgewing ervaar word. Hierdie kognitiewe databasis kom tot stand deur blootstelling aan ’n bepaalde waardesisteem en lewenswyse soos ontwikkel en vasgelê deur ’n bepaalde kulturele oriëntering binne ’n geografiese ruimte. Historiese ondervindings asook gesamentlike kulturele en simboliese kodes voorsien die groep van ’n stabiele, onveranderbare en voortgesette verwysings- en betekenisraamwerk (Wasserman 2000:97). Plek en ruimte in terme van identiteitsformulering is dus niks anders as sosiale kategorieë met ’n gedeelde sosiale betekenis as resultaat van die interaksie tussen lede van ’n groep nie. Hier word onder andere verwys na geslagsdiskriminasie en ander sosiale klasseverskille wat binne ’n kollektiewe groep aanvaarbare gedrag is.

’n Persoonlike identiteitskonstruksie is ingebed in die kognitiewe databasis van die kollektiewe groep waartoe die individu behoort en kan nie onafhanklik daarvan bestaan nie. Dit verskaf aan individue belangrike bevoegdhede en bekwaamhede om kontinuïteit en vastigheid in hul

leuens te verseker (Van Alphen 1991:4). 'n Persoonlike identiteit beïnvloed die individu se siening van haarself, die vorming van 'n bepaalde lewensuitkyk, 'n evaluering van heersende omstandighede waarbinne sy haar bevind, asook haar houding en optrede binne private en openbare ruimtes. Hall (1998:2) verwys na hierdie fase van identiteitskonstruksie as 'n min of meer statiese verwysingspunt, 'n stabiele basis waarvandaan 'n individu veranderde omstandighede waaraan sy blootgestel mag word, interpreteer. Veranderings aan individuele identiteitskonstruksies word vanuit hierdie vaste verwysingspunt gestuur. Konstruering van 'n identiteit kan nooit in 'n lugleegte plaasvind nie (Malpas 2018:12).

Uit Prohansky e.a. se definisie van plek-identiteit ontwikkel twee interafhanklike, maar afsonderlike begrippe, naamlik *plekgebondenheid* (*place attachment*) en *plekbewustheid* (*a sense of place*). Beide begrippe is onontbeerlik om die verwantskap tussen plek/ruimte en die formulering van nuwe of aangepaste identiteitskonstruksies in migranteliteratuur aan te dui.

Malpas (2018:8) merk in hierdie verband op:

[I]t is not merely human identity that is tied to place, but the very possibility of being the sort of creature that can engage with the world (and more particularly, with the objects and events within it) that can think about the world, and that can find itself in the world.

Malpas (2018:12) beklemtoon die direkte verband tussen 'n bepaalde plek en 'n individu se interaksie met ander binne sy onmiddellike omgewing wanneer hy sê:

The way in which human identity might be tied to place is thus indicative of the fundamental character of our engagement with the world – of all our encounters with persons and things – as always “taking place” in place.

Low (1992:165) definieer plekgebondenheid as die

symbolic relationship formed by people giving culturally shared emotional/affective meanings to a particular space or piece of land that provides the basis for the individual's and group's understanding of and relation to the environment. Place attachment is more than an emotional and cognitive experience, and includes cultural beliefs and practices that link people to place.

In hierdie definisie is plek integraal deel van die persoonlike geskiedenis en word dit omskryf in terme van 'n verhouding wat tot stand kom wanneer individue 'n diep emosionele verbintenis met 'n plek ontwikkel het, 'n gevoel van behoort. Dit is veel eerder 'n intuïtiewe as 'n emosionele, kognitiewe of materiële verbintenis.¹ Die individu is onder hierdie omstandighede so gemaklik met hom- of haarself binne die groep en sy of haar eie persoonlike leefruimte dat die heersende waardesisteem of onderliggende ideologie sonder bevraagtekening aanvaar word. Plekgebondenheid korreleer dus direk met krities belangrike parameters vir die vorming van 'n persoonlike identiteitskonstruksie. Die belang van hierdie korrelasie word bevestig deur die feit dat migrante, selfs in gevalle waar hulle daarin kon slaag om in 'n gasheerland aan te pas, altyd bly hunker om na die land van oorsprong terug te keer (Morris 1998:1126; Vandermerwe 2013:108).

Plekbewustheid hou verband met 'n individu se ervaring(s) in 'n spesifieke plek of ruimte en is daarom uiters persoonlik van aard. Hierdie ervarings, wat ook emosionele verbintenisse insluit, word direk gekoppel aan sowel die bewustheid van 'n plek binne 'n bepaalde kulturele, historiese en ruimtelike konteks as gekonstrueerde sosiale en kultureel-gedeelde betekenis (Cross 2001). Plek is nie slegs 'n fisiese ruimte waarbinne interaksie tussen lede van 'n spesifieke kultuurgroep plaasvind nie, maar ook 'n manifestasie van persoonlike en kollektiewe kultuurvorming, 'n manier waarop die individu die wêreld waarin hy leef verstaan (Bernardo en Palma-Oliveira 2012:37; Cresswell 2004:11). 'n Persoonlike identiteit korreleer daarom direk met 'n individu se siening van haarself, nie alleen op 'n persoonlike vlak nie, maar ook binne die breër sosiale gemeenskap waarin sy leef. In hierdie sin word plek ervaar as 'n verlengstuk van die self (Bernardo en Palma-Oliveira 2012:35).

In gasheerlande waar daar van verskillende kulturele oriënterings sprake is, is hierdie “verstaan van die wêreld” waarin die migrant leef, van kardinale belang in die formulering van 'n persoonlike identiteitskonstruksie en van gedragpatrone. As gevolg van die feit dat plekbewustheid so integraal verbonde is met die individu se persoonlike identiteitskonstruksie is dit moeilik, en vir sommige individue selfs onmoontlik, om essensiële veranderinge aan 'n diepgewortelde identiteit onder vreemde omstandighede aan te bring. Etnisiteit en ononderhandelbare religieuse en kulturele verwysingsraamwerke is belangrike parameters en dikwels die rede waarom migrante dit uiters moeilik vind om in gasheerlande aan te pas (La Barbera 2015:3).

Plekbewustheid tree eers werklik op die voorgrond wanneer die leefruimte of kulturele identiteit van die groep om die een of ander rede bedreig of uitgedaag word (Fokkema 1996:12–3). Migrante ervaar vervreemding van plek of ruimte op twee fronte. In lande van oorsprong waar 'n spesifieke fisiese en/of emosionele leefruimte bedreig word deur byvoorbeeld hongersnood, oorlog, politieke en/of religieuse onstabielheid, is migrante dikwels ook getuies van 'n proses van agteruitgang wat hulle met geen ander keuse laat as om huis en haard ter wille van oorlewing te verlaat nie (Vandermerwe 2013:5, 13). Die gevolge van hierdie bedreigings het implikasies vir die wyse waarop die individu haarself en die kultuurgroep waartoe sy behoort, definieer. Onder hierdie omstandighede spel migrasie, vervreemding, ontworteling en verlies nie alleen van die plek of ruimte wat die individu tot op daardie stadium as haar fisiese en emosionele tuiste beskou het nie, maar ook van 'n bekende kulturele oriëntering en religieuse verwysingsraamwerk wat voorheen as vanselfsprekend aanvaar is.

Migrante wat 'n bekende ruimte en kulturele oriëntering van hul vaderland verruil vir 'n ander vreemde of botsende kulturele oriëntering in die gasheerland, word akuit bewus van die nuwe ruimte of plek. Waar plekbewustheid binne die eerste fase van 'n persoonlike identiteitskonstruksie verband gehou het met geborgenheid en 'n algemene gevoel van welstand soos bevestig deur sosiale interaksie met ander lede binne die kollektiewe groep, ervaar die migrant ruimtes en plekke binne die gasheerland as vyandig en ontegenwoordig. Gekonfronteer met vreemde omstandighede en 'n ander lewenswyse as waaraan hulle voorheen in die land van oorsprong gewoon was, voel migrante in gasheerlande alleen, verlore en sonder 'n verwysingsraamwerk of broodnodige ondersteuning van familie of lede van die sosiale groep waartoe hulle behoort het. Waar die vorming van 'n identiteitskonstruksie voorheen 'n onbewustelike natuurlike proses was, vind migrante dat dit wat hulle bestaan tot nou toe onderlê het, dikwels die rede is waarom hulle teenwoordigheid in gasheerlande onaanvaarbaar is (Vandermerwe 2013:79).

Selfvoorstelling en sosiale kategorisering, twee belangrike uitkomst in terme van identiteitskonstruksies wat nie binne 'n groep met dieselfde kulturele oriëntering bevraagteken word nie, word nou in die lig van veranderende omstandighede uitgedaag.

6. Grenssones as liminale ruimte

Gevallestudies toon aan dat grensposte die gevaarlikste deel van veral vrouemigrante se reis na gasheerlande is. Korrupsie vier hoogty, maar daar is ook geweld, dreigemente en omkoopgeld wat deur korrupte amptenare geëis word (Andall 2018:9). Wanneer migrante vlug as gevolg van konflik, hongersnood en onmoontlike werksomstandighede, of soos in die geval van Chipso, onder dwang van 'n manlike familielid, is die betrokkenes swak voorbereid en oningelig oor veilige reisgeleenthede wat moontlik beskikbaar is. Veral onwettige migrante, vlugteling of asielsoekers is verplig om van smokkelaars se dienste gebruik te maak sodat hulle suksesvol die grens kan oorstek (Mbiyozo 2018:19, 20). Nog voordat Chipso in *Zebra crossing* die gasheerland, wat veronderstel is om aan haar 'n nuwe tuiste te bied, binnegaan, ervaar sy diskriminasie, bygelowigheid en stereotiperings (14, 126). Daarbenewens is die alomteenwoordige vrees vir verkragting 'n wesenlike werklikheid waarmee sy rekening moet hou (Andall 2018:9, 14). Onveilige toestande op die land se grense verhinder migrante, veral vroue, om vir besoeke na lande van oorsprong terug te keer.

Migrasie behels nie die oorstek van net fisiese grense nie, maar ook van emosionele grense. Madsen en Naerssen (2003:77) merk byvoorbeeld op: "Borders are an integral part of identities and, since people continuously construct their identity, they are also continuously engaged in bordering processes." Chipso assosieer die oorstek van grense met verlies: "A border is where you must say goodbye. You cannot afford to turn and look back. The past is the past." En verder: "A border is where you swap home for hope" (3). Migrante word reeds voordat hulle landsgrense bereik, met die moontlikheid gekonfronteer dat hulle nie noodwendig met oop arms ontvang sal word nie. Die verteller in *Zebra crossing* sê: "A border is a place where barbed wire and high fences block your way. It is where you are not wanted, but where you must nonetheless go" (3).

Die oorstek van grense, fisies en emosioneel, bring vir Chipso, soos vir talle ander vrouemigrante in gasheerlande, geen beter lewensomstandighede nie. Een vorm van geweld, diskriminasie en onderdrukking word bloot verruil vir 'n ander, veel erger vorm daarvan. Vir Chipso rym "promised land" met "helping hand", maar sy leer 'n ander realiteit in Suid-Afrika ken. Hier is daar geen sprake van *ubuntu* nie; dit is elkeen vir homself (52).

7. Suid-Afrika as gasheerland

Die buitengewoon hoë getal migrante wat na Suid-Afrika migreer, kan toegeskryf word aan hoë vlakke van oorlogsgeweld, konflik, natuurrampe, armoede, siektes, hongersnood en werkloosheid wat sekuriteit in lande van oorsprong bedreig (Dodson 2009:149). Net soos die meeste ander gasheerlande, beskik Suid-Afrika oor statutêre maatreëls en voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat asielsoekers, vlugteling en migrante toegang tot die land kan kry. Hierdie wetgewing is van die mees progressiewe ter wêreld. Die wyse waarop dit

toegepas word, asook Suid-Afrika se risikobenadering wat daarop gemik is om risiko's buite landsgrense te hou, noop Palmay (2016:32) na haar intensiewe gevallestudies om op te merk dat "(t)he asylum system is a performance of universal humanity which ironically created the conditions for the exclusion of the majority migrants by holding up the deserving migrants to almost impossible criteria". Veral vroue is in die visier van addisionele, dikwels diskriminerende maatreëls wat hulle veel meer as mans beïnvloed en kwesbaar maak (Mbiyozo 2018:3; La Barbera 2015:5; Piper 2009:6; Dodson 2009:13, 151). Wanneer Chipso en George by die Departement van Binnelandse Sake aansoek doen vir verblyfpermitte, word mans en vroue in afsonderlike rye verdeel. Sy merk op dat die ry vir manlike asielsoekers veel vinniger as dié vir vroue vorder (31).

Daar is verskeie redes waarom inwoners van gasheerlande teen veral die teenwoordigheid van vroue in hulle midde rebelleer. Mans word enersyds as deel van die arbeidsmark verdra omdat hulle gewoonlik werk verrig in sektore waarop die inheemse bevolking neersien (Vandermerwe 2013:29). Andersyds klink daar al hoe meer uitroepe onder die inheemse bevolking op dat migrante werksgeleenthede steel (Danso en McDonald 2000:14).

Vroue, daarenteen, word as 'n bedreiging gesien omdat kindergeboortes as bevestiging dien dat 'n spesifieke groep migrante permanent in die gasheerland is. Erkenning van permanensie lei tot aansprake op sekere regte en voorregte binne die gasheerland.

Immigrasiewetgewing beperk die posisie van migrante, omdat Suid-Afrika nie werkspermitte aan ongeskoolde werkers toeken nie. Ongedokumenteerde, onwettige migrante is besig om 'n al hoe groter wordende probleem in veral die metropole in die land te word (Van der Walt, Essop en Price 2019:1). Omdat baie vroue in hierdie kategorie val, is geslagspesifieke statistiek rakende migrante onakkuraat of glad nie beskikbaar nie (Mbiyozo 2018:8; Piper 2009:3). Die oorheersing van vrouemigrante wat as afhanklike eggenotes migreer, die onsigbaarheid van vrouearbeid, beperkings op hul reg om te werk en hul betrokkeheid in kriminele aktiwiteite en/of prostitusie lei daartoe dat 'n nog groter persentasie vrouemigrante statisties ongedokumenteer en dus onsigbaar is (Jolly en Reeves 2005:8).

8. Private en openbare ruimtes in gasheerlande

Openbare ruimtes impliseer per definisie onbelemmerde toegang vir alle inwoners, maar 'n perfekte model wat openbare ruimtes reguleer, bestaan nie. Reeds van oudsher word daar in openbare ruimtes teen sekere groepe, veral vroue, gediskrimineer en word hulle toegang tot openbare ruimtes ontsê (Burton 1995:53; Bourdieu 2001:49). Private en openbare ruimtes is sosiale konstruksies wat verskillende domeine van die daaglikse lewe konseptualiseer. Sosiale konstruksies is altyd vervleg met konsepte soos mag, subjektiwiteit, geslag, klas, kulturele oriëntering en individuele voorkeure en persepsies (Cresswell 2004:24; Dickenson 2014:85 e.v.). 'n Ruimte is daarom nooit net openbaar of net privaat nie, maar oorvleuel op 'n verskeidenheid vlakke. Sowel migrante en inwoners van gasheerlande word gekonfronteer met ander kulturele oriënterings wat vir albei groepe vreemde terrein is. Aanpassings aan 'n reeds gevormde identiteitskonstruksie en persoonlike voorwaardes moet nou opnuut onderhandel word binne 'n ander sosiale konteks, institusionele raamwerke en verhoudings, nie alleen op persoonlike vlak nie, maar ook binne die breër openbare konteks in gasheerlande (Hall 1998:4; Madsen en Naerssen 2003:62). So byvoorbeeld sê La Barbera (2015:2): "At the crossroad

between self-representation and social categorization lies the core mechanism of individual and collective identities.”

Vreemde omstandighede en/of botsende belange in gasheerlande dwing migrante én inwoners tot ’n herdefiniëring van persoonlike en kulturele identiteit. Dit lei tot konflik in openbare ruimtes. Hoe hierdie konflik hanteer word, het belangrike implikasies vir die identiteitskonstruksie van migrante in gasheerlande. In *Zebra crossing* is daar talle voorbeelde wat toon dat die inheemse bevolking nie bereid is om plek te maak vir migrante nie. Migrante vrees vir hul eie veiligheid (72 e.v.) en word ook gestigmatiseer as siektedraers, veral MIV-besmetting (Jolly en Reeves 2005:28).

Vaclav Havel het reeds in 1994 gewaarsku dat kulturele konflikte toeneem en al hoe gevaarliker word (in Segers 2004:193). Xenofobiese geweld die afgelope tyd in Suid-Afrika is ’n sprekende voorbeeld hiervan. Migrante voel uitgesluit, terwyl die inheemse bevolking van mening is dat hul waardesisteme, lewenswyse, hulpbronne en geleenthede in die arbeidsmark bedreig word deur die nuwe inkomers. Benewens kultuurverskille hou hierdie digotomie ook verband met hoë werkloosheid- en misdadafsyfers, gebrekkige infrastruktuur, swak lewensomstandighede en die aanname dat migrantemans die vroue van die inheemse bevolking “steel” net om burgerskap te verkry (Morris 1998:1125). Wanneer George en sy nuwe vriendin in *Zebra crossing* deur ’n kaartjiesinspekteur onskuldig in hegtenis geneem word, sê Jeremiah byvoorbeeld: “He attacked you because he thought she was a local girl. That you were stealing their women. You know how they talk about us taking their South African girls” (73).

In omgewings waar verskillende kulturele oriënterings teenwoordig is, korreleer plekbewustheid direk met sienings van die “self” en die sogenaamde “ander”. Die kombinasie van hierdie twee prosesse loop uit in die gevoel van anders wees, ’n erkenning van “die ander”, én die erkenning van jou eie andersheid en gevolglike meganismes van insluiting en uitsluiting, wat op hulle beurt in stand gehou word deur openbare beleid en die alledaagse optredes van inwoners.

La Barbera (2015:9) merk in hierdie verband op:

Identity is indeed essentially comparative in nature and must be understood as originally connected to inclusion/exclusion dynamics. Identity is intended and best described as a relational and contextual process that refers to how individuals and groups consider, construct and position themselves in relation to others according to social categories such as gender, sexuality, culture, race, nation, age, class and occupation. Identity encompasses the multiple roles endorsed by individuals in social life that are externalized through the use of markers, such as language, dress and occupation of space.

Migrante probeer om minder sigbaar in die gemeenskap te wees, maar hulle voorkoms, kleredrag, optredes en gewoontes, asook ’n onvermoë om een van die inheemse tale te praat, maak hulle maklik herkenbaar in plaaslike gemeenskappe (Vandermerwe 2013:40). Daarom is dit maklik om van hulle sondebokke te maak vir probleme wat in die gemeenskap bestaan (Morris 1998:1125). So byvoorbeeld blameer die plaaslike inwoners in *Zebra crossing* migrante vir die hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika: “Hey, makwerekwere! Go back to your own country! Hey, we know you are only here to take our jobs and money” (72).

Selfdefiniëring en -voorstelling kan alleenlik met verwysing na iets of iemand met 'n ander, dikwels botsende kulturele oriëntering geskied (La Barbera 2015:3; Bowman 1999:55; Voestermans 1991:219). “Die ander” en “die self” kan nie duidelik as konstantes gedefinieer word nie, maar dien eerder as situasiegebaseerde verskuivende parameters wat gebruik word met verwysing na individue wat hulself binne 'n groter wisselwerkende konteks wil definieer. Om tot 'n bepaalde sosiale en kulturele groepering te behoort (of nie daaraan te behoort nie) is nie 'n duidelik omskrewe saak nie, omdat die konstruksie van 'n identiteit 'n verwante (en opponerende) proses is. Voorstelling van “die self” mobiliseer verskillende vlakke van gebondenheid of tuis wees en daar bestaan nie 'n eenvoudige digotomie tussen “ons” en “hulle” nie. Dit word gevorm deur 'n komplekse proses van toe-eiening en herinterpretasie van sosiale grense wat daarvan afhang of diegene aan die anderkant van die grenslyn die minderheidsgroep aanvaar of verwerp.

Die behoefte aan wortels en stabiliteit, om te behoort tot 'n bepaalde gemeenskap of kultuurgroep binne 'n bepaalde ruimte, is krities belangrik vir die vorming van 'n identiteitskonstruksie. Migrante beskik nie oor so 'n geografiese ruimte binne gasheerlande waar 'n eie kulturele oriëntering en lewenswyse uitgeleef kan word nie en is daarom aangewese op en afhanklik van aanvaarding deur lede van die inheemse gemeenskap waarin hulle woon. Migrante wat besef dat terugkeer na hul lande van oorsprong nie meer 'n opsie is nie, doen alles in hul vermoë om aanpassings aan 'n persoonlike identiteitskonstruksie te maak sodat inskakeling met die plaaslike gemeenskap moontlik sal wees (Vandermerwe 2013:79), maar slaag selde daarin – enersyds omdat die inheemse bevolking as gevolg van 'n verskeidenheid redes nie bereid is om migrante met 'n ander kulturele oriëntering in hul gemeenskappe te verwelkom nie, en andersyds omdat migrante nie bereid is om van 'n gevestigde verwysings- en waardesisteen afstand te doen nie.

Die aanleer van nuwe tale, aanpassing by 'n ander kultuur en om wortel te skiet is almal voorvereistes vir migrante om in gasheerlande aan te pas en 'n algemene gevoel van welstand en 'n plekgebondenheid te kweek. Die belangrikste hiervan is dat migrante in gasheerlande verwag dat hul verskillende/botsende kultuuroortuiging deur die inheemse bevolking gerespekteer sal word, dat hulle as individue aanvaar sal word, en les bes dat hul bydrae tot die ekonomie raakgesien en waardeer sal word. Vroue wat uit ander lande gevlug het om van onderdrukkende maatreëls te ontsnap, dié met vlugtelingstatus, of wat suksesvol om asiel aansoek gedoen het, is meer geneë om in die gasheerland te bly, maar dit beteken nie noodwendig dat hulle vir die plaaslike bevolking aanvaarbaar sal wees nie (Mbiyozo 2018:17; Jolly en Reeves 2005:11). Om dieselfde velkleur te deel, bied geen waarborg dat migrante uit naburige Afrikastate deur die Suid-Afrikaanse gemeenskap aanvaar sal word nie (Morris 1998:1133). In Suid-Afrika is eerder die teendeel waar. So byvoorbeeld is dit vir George in *Zebra crossing* totaal onaanvaarbaar dat die inheemse bevolking so vyandiggesind is. Trouens, hy kan dit glad nie verklaar nie: “We are all Africans and yet they see us as worse than colonisers” (76). Aansluitend by sy opmerking is dit juis ironies dat die motto van die Wêreldbekersokkertoernooi lui: “It’s time. Celebrate Africa’s humanity” (28). David, een van die mans met wie Chipso en haar broer die kamer deel, verwys na die bekende uitdrukking van John Donne in Athol Fugard se roman *The island*: “No man is an island” (91). Hierdie stelling word bevestig deur die uitkoms van Chipso se isolering aan die einde van die roman.

Verskillende geskiedenis, ruimtes en ondervindings van verskillende etniese groepe beteken verskillende identiteitskonstruksies. Wanneer Chipso in Kaapstad aankom, lyk die Suid-Afrikaners op die perron vir haar anders as Zimbabwiërs (19, 40). Indien migrante nie aanvaar

word nie, en as hulle van mening is dat hul gemeenskappe geteiken word as gevolg van hul gemarginaliseerde status, vorm 'n spesifieke, negatiewe plekbewustheid "sense of place". Dit word gedefinieer deur verskille en maatreëls deur gasheerlande om beheer uit te oefen oor plaaslike openbare ruimtes, terwyl migrante, wanneer hulle daarin kon slaag om hulself in gemeenskappe te organiseer, sekere eise vir instandhouding van 'n eie kulturele oriëntering begin stel.

Giftige of negatiewe retoriek in gasheerlande vervreem migrante, isoleer hulle van die gemeenskap waarin hulle 'n vastrapplek probeer vind en dwing hulle om hulself in afsonderlike groepe op die rand van die gemeenskap te organiseer. George vind dit byvoorbeeld vreemd dat Jean-Paul, 'n Rwandese migrant, nie tussen sy eie mense in die gasheerland bly nie (24). Dikwels bly verskillende migrantegroepe in dieselfde gebou. Hiervan is President's Heights 'n sprekende voorbeeld. Met slegs hul migrantestatus as gemene deler is daar dikwels spanning en konflik tussen migrantegroepe van verskillende etniese afkoms (Jolly en Reeves 2005:18). In *Zebra crossing* geld werkreservering vir afsonderlike migrantegroeperings waardeur die een groep dit nie sal waag om op die ander se terrein te oortree nie (24).

Diasporas in gasheerlande vervaag nie meer so vinnig soos wat dikwels in die verlede die geval was nie, omdat nuwe kommunikasiemoontlikhede (internet en sosiale netwerke) 'n eie identiteit en familiebande in lande van oorsprong in stand hou ten spyte van ruimtelike verspreiding (Madsen en Naerssen 2003:68). Boonop is migrante ook op mekaar aangewese ter wille van oorlewing. In *Zebra crossing* groepeer onder andere Zimbabwiërs, Nigeriërs, Tanzaniërs en Soedannese in eie groepe (120) terwyl Jean-Paul, met geen ander lede van sy kultuurgroep in sig nie, in afsondering op die buiterand van die migrantegemeenskap emosioneel probeer oorleef, maar uiteindelik nie daarin kan slaag nie.

Hierdie eilande van andersheid in gasheerlande maak assimilasië van migrante by inheemse gemeenskappe feitlik onmoontlik (73). Veral vlugteling uit ander Afrikastate, soos Zimbabwe, wil weer eendag na hul lande van oorsprong terugkeer (Morris 1998:1126; Vandermerwe 2013:49). Die doel van migrasie is om genoeg hulpbronne bymekaar te maak sodat 'n beter lewenskwaliteit moontlik sal wees in die land van oorsprong wanneer hulle sou terugkeer. Waar moontlik word 'n eie kulturele verwysingsraamwerk en bande met familieledes tuis in stand gehou. Daar is dikwels geen begeerte om met die plaaslike gemeenskap te assimileer nie (Morris 1998:1126). Weerstand teen hierdie afsonderlike groeperings maak die kloof tussen inwoners van gasheerlande en migrante nog groter, en inheemse inwoners reageer met agterdog, vrees of geweld.

9. Vroue in openbare ruimtes

Vrouemigrante wat openbare ruimtes betree, is dikwels slagoffers van diskriminasie (Vandermerwe 2013:73), stereotipering of beledigings nie alleen deur lede van die dominante groep in die gasheerland nie, maar ook deur ander manlike migrante (Danso en McDonald 2000:16; Morris 1998:1133; Van der Walt 2019:6; Price 2019:2). In Suid-Afrika ervaar vrouemigrante xenofobiese aanvalle van nie alleen die gemeenskap waar hulle veronderstel is om 'n tuiste te vind nie, maar ook deur amptenare in staats- of ander openbare instansies (Mbiyozo 2018:23; Van der Walt 2019:2). Vrouemigrante is verder onderhewig aan skeltaal deur die plaaslike inwoners, wat beledigende name in hul rigting slinger, soos *amakwerekwere*²

en *kwirikwiri*³ (Memela 2014:88). Hierdie woorde word deur vroue as uiters beledigend ervaar. Vir Chipso in *Zebra crossing* rym al hierdie beledigings met skaamte. As albino word ook na haar verwys as 'n heks, wit medisyne of 'n *dunu*, die lewendende dood (5).

Vrees vir geweld beperk vroue tot hul huise, omdat hulle bang is om in openbare ruimtes te beweeg, openbare vervoer te gebruik of klinieke te besoek (Kihato 2013:85).⁴ Voortdurende spanning tussen die plaaslike bevolking en migrante het 'n uiters skadelike invloed op vrouemigrante, omdat hulle by uitstek slagoffers word van isolasie en vereensaming. Migrantevroue slaag ook selde daarin om vir mekaar ondersteuning te bied. In President's Heights kyk Chipso elke oggend hoe 'n ander migrantevrou oor die straat stap. Alleen en vooroorgebuig. Sy sê vir haarself: "I know that we will probably never meet, but I want to ask her 'What is your name?' and 'Where do you come from?'" (63).

Taalvaardigheid maak of breek interaksie tussen migrante en inwoners van die gasheerland en speel daarom 'n belangrike rol ten opsigte van 'n migrant se aanpasbaarheid. 'n Ander Afrikataal as wat in Suid-Afrika gepraat word, maak 'n migrant of groep sigbaar en maklike teikens vir xenofobiese geweld. Dit laat veral vrouemigrante ontredde, kwesbaar en uitgelewer aan omstandighede waaraan hulle, as gevolg van swak kommunikasievaardighede, geen verskil kan maak nie. 'n Ander probleem is dat vroue as gevolg van die feit dat hulle nie die plaaslike tale of Engels magtig is nie, nie in staat is om met dokters en/of verpleegsters te kommunikeer nie. Dit maak dit moeilik of onmoontlik om toegang tot gesondheidsdienste te verkry (Vandermerwe 2013:74).

Vroue wat in 'n poging om van patriargie en/of ander kulturele diskriminasie, aanrandings en uitbuiting te ontsnap, migreer uit vrye keuse, maar loop hulle in gasheerlande dikwels net in 'n ander vorm van diskriminasie vas (Piper 2006:6, 10; Dodson 2009:139). Sonder korrekte dokumentasie is dit onmoontlik om in die formele ekonomiese mark te werk (Kihato 2013:96; Kofman 2009:79). Burokratiese rompslomp en gerugte van korrupte amptenare wat veral vrouemigrante se weerlose posisie uitbuit, is aan die orde van die dag. Selfs tersiêre opleiding is nie 'n paspoort na permanente verblyfreg of toegang tot die arbeidsmark nie. Hooggeskoolde migrantevroue is dikwels verplig om 'n minderwaardige posisie in die werksplek te aanvaar ter wille van oorlewing. Vrouemigrante word meestal beperk tot tradisioneel vroulike posisies, soos om as verpleegsters, sekretaresse, kleremakers en huiswerkers te werk (Dodson 2009:139; Boyd en Pikkov 2009:19). In hierdie afgesonderde omgewings is vroue teikens vir fisieke, emosionele en seksuele uitbuiting (Mbiyozo 2018:12; Badenhorst 2016:13; Piper 2009:6). Kragtens Suid-Afrikaanse wetgewing en regspraak⁵ geniet onwettige migrante dieselfde regte as wettige migrante in die werksplek (Israelstam 2019; Badenhorst 2016:49), maar maak selde van beskikbare dienste gebruik, uit onkunde of vrees vir deportasie (Badenhorst 2016:14). In die praktyk is migrantevroue grotendeels op hulself aangewese om geskille in die werksplek te besleg (Wanka 2008:143).

Vroue met vlugtelingstatus vind dit besonder moeilik om die arbeidsmark te betree en is verplig om hulle tot die informele sektor te wend (Andall 2018:7; Vandermerwe 2013:29). Boonop is geen bevorderingsmoontlikhede beskikbaar nie. So byvoorbeeld kla 'n vrouemigrant na 30 jaar in Suid-Afrika by dr. Ongani in *Zebra crossing*: "What have I to show for my life in this country? I find myself looking at my Ma'am's daughter. (I am) still a maid" (111). In gevalle waar vroue se visums van 'n spesifieke werkgewer afhanklik is, word hulle dikwels die prooi van uitbuiting en diskriminasie. Migrantevroue moet dikwels 'n laer loon as die inheemse bevolking aanvaar en veel harder werk om hul betrekings te behou (Piper 2009:6). Verder

loop hulle die gevaar om hul posisies in die arbeidsmark te verloor as gevolg van swak kommunikasievaardighede, 'n lae vlak van opvoeding en verdragings om wettige dokumente te bekom (Price 2019:2). Boonop is vrouemigrante teikens vir misdaad omdat hulle in kontant vir hul dienste betaal word. Migrante sonder wettige dokumentasie kan boonop nie bankrekenings open nie (Mbiyozo 2018:22; Vandermerwe 2013:48).

Vrouemigrante uit Afrika is besonder kwesbaar en ervaar drievoudige diskriminasie, naamlik xenofobiese aanvalle, rassisme en kulturele diskriminasie. Boyd en Pikkov (2009:19) merk byvoorbeeld op dat “the negative impacts of gender, combine with those of being an immigrant, causing immigrant women to be ‘double disadvantage’, and likely to be overrepresented in marginal, unregulated, and poorly-paid jobs”. In plaas daarvan dat 'n vrouemigrant deel word van 'n gemeenskap wat haar menswaardigheid erken, kruip sy weg.

10. Die huis/woning as private ruimte

Die huis as intieme private ruimte is veel meer as 'n fisiese plek binne 'n bepaalde ruimte. Dit is die plek waar inwoners, verkieslik almal lede van dieselfde gesin, 'n gebondenheid en 'n algemene gevoel van welstand ervaar. Hier kan die migrant haar afsonder van 'n ontredde, vreemde wêreld daarbuite. Sy is vry om 'n eie kulturele en religieuse oriëntering uit te leef. So 'n intieme ruimte is aanvanklik nie vir migrante in gasheerlande beskore nie. Beskikbare finansiële middele is gedurende die reis gebruik (Kenge 2017:3). Vlughtelinge arriveer sonder 'n sent tot hulle beskikking en in Suid-Afrika is daar nie tentdorpe of kampe waar vlughtelinge of asielsoekers gehuisves word totdat hul dokumentasie afgehandel is nie (Kihato 2013:96). Migrante is daarom genoodsaak om te plak of hulle vir huisvesting op sosiale netwerke te verlaat. In gevalle waar migrante daarin kon slaag om 'n verblyfpermit en werk te bekom, is die vergoeding só min dat hulle steeds verplig is om kamers of woonstelle te deel. Onder hierdie beknopte omstandighede kan daar geen sprake van persoonlike privaatheid wees nie. Vroue word erg benadeel en hul menswaardigheid aangetas. Chipo en haar broer in *Zebra crossing* is genoodsaak om in die reeds oorvol woonstel van ander Zimbabwiërs wat vroeër emigreer het, te woon. Onder hierdie omstandighede is sy verplig om haar tradisioneel ondergeskikte rol te vervul. In plaas van 'n veilige hawe word haar woonplek in die gasheerland 'n plek van uitbuiting en diskriminasie, die plek waar sy uiteindelik van haar lewe en menswaardigheid ontnem word.

Wat getroude vrouemigrante aanbetref, maak oorvol woonomstandighede dit onmoontlik om 'n huwelikslewe in stand te hou. Mans spandeer gevolglik al hoe meer tyd buitenshuis of in tavernes (Kenge 2017:6). Vroue aanvaar oor die algemeen hulle lot gelate, want die gevolge van 'n mislukte huwelik is vreesaanjaend, veral in gevalle waar haar verblyfreg afhanklik is van haar man se posisie in die gasheerland (Vandermerwe 2013:78).

Wanneer migrantegesinne wel daarin slaag om 'n eie woonruimte te betrek, beteken dit nie noodwendig dat vroue se posisie verbeter nie. Migrante verlaat, reis en hervestig hulle in nuwe plekke op grond van vorige ervarings en 'n vasgelegde kulturele oriëntering en waardesisteem (Bernardo en Palma-Oliveira 2012:36). Geslagsrolle wat in die land van oorsprong gegeld het, word meestal in die gasheerland gehandhaaf, veral in gevalle waar vlughtelinge in 'n eie afsonderlike gemeenskap groepeer (Wanka 2008:146). Onder vervreemdende omstandighede gryp migrante wat saam groepeer, terug na 'n reeds gevestigde kulturele oriëntering en

gedragpatrone. Rituele of 'n bepaalde lewenswyse word dikwels met veel meer vasberadenheid in stand gehou en afgedwing om 'n gevoel van geborgenheid te skep. Sekere kulturele oriënterings verwag van vroue om afhanklik, gehoorsaam en ondersteunend aan nie alleen hulle eie eggenotes te wees nie, maar aan alle mans. So byvoorbeeld laat sekere kulture mans nie toe om tradisionele huiswerk te doen wanneer daar 'n vrou teenwoordig is nie. Vroue aanvaar hierdie ondergeskikte posisie as normaal. Chipso aanvaar dit as vanselfsprekend dat dit haar verantwoordelikheid en plig is om die volledige huishouding van die woonstel wat sy en haar broer met talle ander mans deel, op haar skouers te neem. Trouens, sy verbind haar idee van 'n "ware vrou" met die suksesvolle uitvoering van hierdie pligte (62). Al wat sy nodig het, is 'n "A-grade for scrub, cook and clean" (33). Sy dink nie eens daaraan dat sy as mens ook respek en erkenning verdien nie (92, 122).

Ruimtes word ook sensories ervaar, en dit het 'n emosionele uitwerking op die migrant wat haar binne daardie ruimte bevind. Veral vroue wat alleen en geïsoleer is van die ondersteunende netwerk binne die kollektiewe groep waartoe sy in die land van oorsprong behoort het, probeer dikwels onbewustelik, om vir haarself op allerhande maniere 'n emosionele ruimte binne-in haar blyplek te skep (La Berbera 2015:4; Philipp en Ho 2010). Chipso probeer om die woonstel op 'n manier skoon en netjies te hou. Sy kook tradisionele geregte en neem dit op haar om eiehandig 'n Kersfees-ete voor te berei wat herinner aan die tradisionele Kersetes in haar ouerhuis jare gelede (54).

In hierdie konteks word die huishoudelike ruimte ook 'n morele spasie waar die vroue nie alleen hul bande met die land van oorsprong versterk en in stand hou nie, maar ook 'n eie terrein afbaken. Talle vrouemigrante uit buurstate ervaar die Suid-Afrikaanse gemeenskap as 'n gemeenskap met gebrekkige morele waardes waarvan hulle nie deel wil wees nie (Kihato 2013:83). Huishoudelike ruimtes word dus belangrik vir die skep van ruimtes waarin gesinne en kinders wat nie meer deel kan wees van die rituele, gebruike en lewenswyses waaraan hulle in die land van oorsprong blootgestel was nie, aan 'n kollektiewe samesyn kan deelneem (Vandermerwe 2013:60). Hier kan migrantevroue 'n eie kulturele oriëntering en waardesisteem ongestoord en op 'n natuurlike wyse aan hulle kinders oordra. Deurdadig die intieme huishoudelike ruimte 'n nuwe balans en 'n gevoel van algemene welstand in vervreemdende omstandighede skep, span dit 'n emosionele veiligheidsnet om vrouemigrante én die kinders in die huishouding (Kihato 2013:85).

Ten spyte van die veronderstelling dat "huis" as intieme, private ruimte die plek is waar migrante veilig en geborge behoort te voel, is die teendeel dikwels waar. Vluchteling-gemeenskappe in gasheerlande word gekonfronteer met ingrypende veranderinge en is as gevolg daarvan onderhewig aan hoë stresvlakke. Veralste of die gebrek aan wettige dokumente maak die vrees vir deportasie 'n werklikheid (Jolly en Reeves 2005:17). Migrante wat reeds in besit van verblyfpermitte is, doen in baie gevalle nie aansoek vir 'n verlenging wanneer die wettige tydperk wat hulle in die gasheerland mag wees verstryk het nie. In *Zebra crossing* word 'n migrant gearrester toe hy by die Departement van Binnelandse sake gaan aansoek doen vir die verlenging van sy verblyfpermit. Hy word summier gedeporteer ten spyte van die feit dat sy hele gesin ook in Suid-Afrika is en van 'n inkomste ontnem word (78).

Indien mans nie daarin kan slaag om werk in die gasheerland te bekom nie, word vroue gedwing om dikwels vir die eerste maal die arbeidsmark te betree. Onder hierdie omstandighede dra vroue 'n veel swaarder las as mans, omdat hulle nie alleen buitenshuis moet werk nie, maar ook 'n gesin en huishouding moet versorg (Vandermerwe 2013:51). Indien

hulle wel daarin slaag om 'n inkomste vir die gesin te genereer, ervaar die manlike broodwinner 'n gevoel van onbevoegdheid en 'n verlies van beheer wat sy tradisionele posisie as hoof van die huishouding in gevaar stel. Gewelddadige optredes bevestig sy manlikheid en herbevestig sy verlies aan identiteit. Al hierdie spanning versteur die gesinsdinamika en lei dikwels tot huishoudelike geweld (Mbiyozo 2018:12; Wanka 2008:147). Die intieme binneruimte van haar huis waar 'n vrouemigrant veronderstel is om veilig en geborge te voel, is dikwels ook die toneel waar haar lewe nie alleen emosioneel nie, maar ook fisiek bedreig word.

Huishoudelike geweld word selde aangemeld,⁶ omdat geweld teen vroue as normale gedrag in sekere kulturele verwysingsraamwerke aanvaar word. As vroue protesteer, word hulle as slegte vroue tipeer wat na alle waarskynlikheid die man se optrede verdien het. Hierdeur word 'n bepaalde ideologie en patriargie nie alleen goedgekeur nie, maar ook in stand gehou. In ander gevalle vrees vroue deportasie omdat hulle verblyfreg, asook dié van hul kinders, in die gasheerland direk gekoppel is aan die wettige status van hul eggenotes (Jolly en Reeves 2005:42). Met 'n kriminele rekord verloor 'n man sy verblyfreg. Vrouemigrante se weerloosheid is nog hoër in gevalle waar hulle onwettig in die gasheerland is. Vroue word daarom geforseer om by gewelddadige mans te bly wat hulle keer op keer verneder en aanrand. Migrantevroue soek nie hulp by diensverskaffers of huise van veiligheid nie, omdat huishoudelike geweld tradisioneel 'n private aangeleentheid is en ook omdat vroue dikwels nie kans sien om persoonlike vernederings aan die groot klok te hang nie (Wanka 2008:146). Vroue dra ook nie altyd kennis van die verskillende diensverskaffers wat in gasheerlande beskikbaar is nie. Wanneer klagtes wel gelê word, dwing polisielede of lede uit die gemeenskap migrantevroue dikwels om die klagtes te laat vaar (Kihato 2013:89). Wanneer George vir Chipso deur die gesig klap, het sy geen verweer nie. En in 'n klein kamertjie opgesluit is sy boonop nie in die posisie om enige klag te gaan lê nie. Met 'n stukkende bril kan sy ook nie meer behoorlik sien nie. Sy het geen ander keuse as om haar lot gelate te aanvaar nie (132).

Huishoudelike geweld is 'n komplekse aangeleentheid wat verskillend deur verskillende kultuurgroeperinge geïnterpreteer word. Dit het nie alleen 'n vernietigende effek op die slagoffer nie, maar beïnvloed ook die hele gemeenskap waarin dit gesanksioneer word (Wanka 2008:146). Dit verander nie alleen die verhouding tussen gesinslede onderling nie, maar word ook gevorm en beïnvloed deur ander optredes (of gebrek daaraan) deur die plaaslike inwoners, polisie, kerk, of die sosiale gemeenskap in sy geheel. Met ander woorde, wat in die huis gebeur, het gevolge na buite, op dieselfde wyse as wat gebeur in die openbare ruimtes ook die huishoudelike ruimtes beïnvloed. Vir vrouemigrante wat openbare ruimtes reeds as bedreigend ervaar, bied die huis onder hierdie omstandighede ook geen veilige hawe nie.

11. Verbeelde ruimtes

Verbeelde ruimtes neem 'n belangrike plek in die identiteitskonstruksies van migrante in gasheerlande in. Wanneer 'n persoon 'n gebondenheid met 'n plek ontwikkel, word die betrokke plek saam met 'n bepaalde kulturele en waardesisteem in die persoon se onderbewussyn vasgelê. Ervaring en interpretering van huidige omstandighede is verweef met gebeure uit die verlede van die individu of groep waarvan sy lid is of was (De Wilde 2001:64). Vir migrante in ontredde omstandighede omvat plekbewustheid juis 'n terugkeer na daardie plek(ke) waarmee 'n bepaalde emosionele verbondenheid gevorm is in 'n poging om nuwe betekenis te vind. Evans (2014) suggereer iets hiervan wanneer hy met verwysing na Legen

en Kistemann (2012) sê dat 'n outobiografiese herinnering wat spesifieke, kontekstuele ervarings van 'n plek of 'n ruimte herbeleef, 'n belangrike komponent in die ontwikkeling van 'n identiteitskonstruksie is.

Verlies van die emosionele verbinding met die plek/land van oorsprong is een van die vele uitdagings waarmee migrante vrede moet maak, soveel te meer as woon- of werksomstandighede in gasheerlande haglik is en die migrant nie oor die finansiële middele beskik om terug te keer huis toe nie. Ontwortelde migrante wat nie daarin kan slaag om aan te pas in gasheerlande nie, skep vir hulleself deur middel van herinneringe 'n verbeelde ruimte om hulle indirek met die vaderland te verbind. Omstandighede in die land van oorsprong verander ook, en daarom is herinneringe wat aan 'n spesifieke plek gekoppel word niks anders as 'n verbeelde ruimte nie.

Deur middel van herinneringe aan die verlede waarna 'n individu in bedreigende omstandighede herhaaldelik terugkeer, skep die individu vir haarself 'n tuiste, 'n plek waar sy veilig en geborge kan voel. In die voorwoord van *Zebra crossing* (2) skryf Chipso oor herinneringe: "You see, after what happened to me, I still have my past for company. It creeps out of dark corners and gathers round like specks of slowly spinning dust." Al is Chipso van haar menswaardigheid in die gasheerland gestroop, kan niemand haar herinneringe van haar wegneem nie. Daardeur skep sy vir haarself 'n eie private ruimte waar sy veilig kan voel, al besef sy dat dit niks anders is as die vrug van haar verbeelding nie (142).

Stories en sosiale netwerke is krities belangrik, nie alleen om bande met familie in die land van oorsprong in stand te hou nie, maar ook vir die instandhouding en uitbouing van verbeelde landskappe (Madsen en Naerssen 2003:68). Deur te onthou of stories oor die vaderland te vertel, word samehang en integriteit verleen aan geskiedskrywing wat om die een of ander rede onderbreek, of gekompromitteer is deur die een of ander verlies (Seyhan 2001:4). Of stories en mites nou handel oor die familie, heldedade van volkshelde of geskiedkundige gebeurtenisse in die land van herkoms, is dit niks anders as 'n bewuste poging om 'n verbeelde werklikheid te skep en in stand te hou nie (Said 2000:177). Stories is met ander woorde intiem verbonde aan 'n verbeelde werklikheid, 'n plekgebondenheid, asook 'n plekbewustheid.

Toestande wat in die eerste plek gelei het tot die besluit om te migreer, vervaag, en die land van oorsprong word geïdealiseer (Kazmierska 2003:2). In *Zebra crossing* skuif Chipso die haglike omstandighede in Zimbabwe al hoe meer op die agtergrond van haar gedagtes in die storie wat sy vertel. Hoe moeiliker haar omstandighede in die gasheerland word hoe meer verplaas sy haarself denkbeeldig na haar ouerhuis in Zimbabwe waar sy liefde, geborgenheid, onvoorwaardelike aanvaarding en die beskerming van haar ma ervaar het. Sy verwys mettertied al hoe minder na die haglike omstandighede en verwerping waaraan sy in dieselfde plek blootgestel was.

12. Ten slotte

Studies oor migranteproblematiek ignoreer die unieke probleme wat vrouemigrante in gasheerlande ervaar, en hul posisie verdien veel meer aandag as wat tans die geval is. Weg van sosiale ondersteuning en die kultuurgemeenskap waarvan die individu deel was in die land van oorsprong, asook botsende kulturele uitdagings in die gasheerland, armoede, sosiale isolasie, beperkte regte om probleme in die werkplek te onderhandel, swak toegang tot gesondheids-

dienste, huishoudelike geweld, haatspraak, xenofobie, beledigings en verskillende vorme van diskriminasie laat haar ontredder, gestroop van menswaardigheid en onwelkom voel in 'n land waarop sy haar hoop vir beter lewensomstandighede geplaas het. Hierdie faktore kniehalter vroue om 'n emosionele gebondenheid met 'n nuwe ruimte te ontwikkel en maak veranderings aan 'n eie persoonlike identiteitskonstruksie onmoontlik.

Zebra crossing slaag by uitstek daarin om die persoonlike ervaringswêreld van vrouemigrante in Suid-Afrika onder die vergrootglas te plaas. Die roman toon duidelik aan hoe die gevolge van migrasie indring tot binne-in die intieme dimensies van vroue se persoonlike lewe: emosies, gevoelens, strategieë van selfvoorstelling, sosiale interaksie en die vermoë om hulle eie lewenslot te bepaal. Toegerus met hierdie kennis, sal die inheemse gemeenskap waarskynlik met meer simpatie en verdraagsaamheid kyk na die sogenaamde “ander” in hul midde. Die ruimte waarin Chipso haar in *Zebra crossing* bevind, word metafoor vir onderdrukking, diskriminasie en uitbuiting. Haar “plek” in hierdie sin oorspan al die verskillende terreine van sosiale kategorisering wat inspeel op die persoonlike identiteitskonstruksie van vroue in lande van vertrek en lande van aankoms. Dit is uit hierdie roman duidelik dat die unieke uitdagings wat vroue as gevolg van migrasie die hoof moet bied, nie langer in migrantestudies oor die hoof gesien kan word nie.

Bibliografie

- Abu-Lughod, I., R. Heacock en K. Mashef (reds.). 1991. *The landscape of Palestine: Equivocal poetry*. Birzeit: Birzeit University Publications.
- Altman, I. en S.M. Low (reds.). 1992. *Place attachment*. New York: Plenum Press.
- Andall, J. 2018. Intra-African female labour migration: Common issues, work and rights. *UNTAD. Economic development in Africa report 2018 on migration for structural transformation*. https://unctad.org/en/PublicationsLibrary/edar2018_BP1_en.pdf (10 Januarie 2020 geraadpleeg).
- Antman, F.M. 2018a. Women and migration. In Averett e.a. (reds.) 2018:731–47.
- . 2018b. *Women and migration*. IZA Discussion Paper No. 11282. <http://ftp.iza.org/dp11282.pdf> (13 Julie 2019 geraadpleeg).
- Averett, S.L., L.M. Argys en S.D. Hoffman (reds.). 2018. *The Oxford handbook of women and the economy*. New York: Oxford University Press.
- Badenhorst, K. 2016. The labour rights of irregular migrants in South Africa. Universiteit van Pretoria. https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/60082/Badenhorst_Labour_2017.pdf?sequence=1&isAllowed=y (10 Januarie 2020 geraadpleeg).
- Bernardo, F. en J.M. Palma-Oliveira. 2012. Place identity: A central concept in understanding intergroup relationships in the urban context. In Casakin en Bernardo (reds.) 2012:35–46.

- Bourdieu, P. 1991. *Language and symbolic power*. Vertaal deur G. Raymond en M. Adamson. Cambridge: Polity Press.
- . 2001. *Masculine domination*. Vertaal deur R. Nice. Cambridge: Polity Press.
- Bowman, G. 1991. The exilic imagination: The construction of the landscape of Palestine from its outside. In Abu-Lughod e.a. (reds.) 1991:53–78.
- Boyd, M. en D. Pikkov. 2009. Finding a place in stratified structures. In Piper (red.) 2009:19–58.
- Bradbury-Jones, C., P. Ogik, J. Betts, J. Taylor en P. Lund. 2018. Beliefs about people with albinism in Uganda: A qualitative study using the common-sense model. *Plos One*, 13(10):1–16. <https://doi.org/10.1371/journal.pone.0205774> (5 Mei 2019 geraadpleeg).
- Burton, J.B. 1995. *Theocritus's urban mimes. Mobility, gender and patronage*. Berkeley: University of California Press.
- Casakin, H. en F. Bernardo (reds.). 2012. *The role of place identity in the perception, understanding and design of built environments*. Sharjah: Bentham Science Publishers. (E-boek)
- Corbey, R. en J. Leerssen. 1991. *Alternity, identity, image, selves and others in society and scholarship*. Amsterdam: Atlanta.
- Cresswell, T. 2004. *Place. A short introduction*. Oxford: Blackwell Publishing Ltd.
- Cross, J.E. 2001. *What is sense of place?* <https://www.researchgate.net/publication/282980896> (30 Julie 2019 geraadpleeg).
- Danso, R. en D.A. McDonald. 2000. Immigration and the press in post-apartheid South Africa. *Southern African Migration Project 2000*. Kaapstad: Tandym Print.
- De Wilde, M. 2001. “Arrêter le jour”. Over de herinnering bij Walter Benjamin. *Krisis*, 2:64–79.
- Dickenson, C. 2014. Looking at ancient public space. *Historisch Erfgoed*. <https://ugp.rug.nl/groniek/article/view/18278/15753> (14 Augustus 2019 geraadpleeg)
- Dodson, B. 2009. Gender, migration and livelihoods. In Piper (red.) 2009:137–58.
- Evans, P. 2014. *Sense of place*. https://www.academia.edu/10851653/Sense_of_Place_-_Essay_ (20 Julie 2019)
- Fleury, A. 2016. *Understanding women and migration: A literature review*. Knomad Working Paper 8. <http://atina.org.rs/sites/default/files/KNOMAD%20Understaning%20Women%20and%20Migration.pdf> (10 Julie 2019 geraadpleeg).

Fokkema, D.W. 1996. *Culturele identiteit en literaire innovatie*. Utrecht: University Utrecht. Faculteit der Letteren.

Hall, S. 1998. Introduction: Who needs “identity”? In Hall en Du Gay (reds.) 1998:1–17.

Hall, S. en P. du Gay (reds.). 1998. *Questions of cultural identity*. Londen: Sage Publications.

Israelstam, I. 2019. Illegal workers have labour law rights. *The South African labour guide*. <https://www.labourguide.co.za/most-recent/1524-illegal-workers-have-labour-law-rights> (14 Januarie 2020 geraadpleeg).

Jolly, S. en H. Reeves 2005. *Gender and migration*. Institute of Development Studies. <http://docplayer.net/42745-Gender-and-migration-overview-report-susie-jolly-with-hazel-reeves-bridge.html> (15 Mei 2019 geraadpleeg).

Kazmierska, K. 2003. Migration and changes of identity. The analysis of a narrative. *Forum Qualitative Social Research*, 4(3). <http://www.qualitative-research.net/index.php/fqs/article/view/669> (5 Mei 2019 geraadpleeg).

Kenge, L.E. 2017. The experience of Congolese women refugees in South Africa: A church response. *Pharos Journal of Theology*, 98. https://www.pharosjot.com/uploads/7/1/6/3/7163688/article_2_vol_98_2017.pdf (10 Mei 2019 geraadpleeg).

Kihato, C.W. 2013. *Migrant women of Johannesburg*. Hampshire: Palgrave Macmillan.

Kofman, E. 2009. Gendered migrations, livelihoods and entitlements in European welfare regimes. In Piper (red.) 2009:59–100.

Krummel, S. 2014. Migrant women, place and identity in contemporary women’s writing. *Identities*, 22(6):722–38.

Ladele, O.A. en A.E. Omotayo. 2017. Identities in Chika Unigwe’s novels. *Studies in Literature and Language*, 14(3):52–7.

Lambrechts, M. 2019. Migranteliteratuurtemas in *Die wêreld van Charlie Oeng* deur Etienne van Heerden. *LitNet Akademies*, 16(1):103–44. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/06/LitNet_Akademies_16-1_Lambrechts_103-144.pdf (5 Mei 2019 geraadpleeg).

La Barbera, M. 2015. Identity and migration: an introduction. In La Barbera (red.) 2015:1–16.

La Barbera, M. (red.). 2015. *Identity and migration in Europe: Multidisciplinary perspectives*. Londen: Springer International Publishing.

Low, S.M. 1992. Symbolic ties that bind. Place attachment in the plaza. In Altman en Low (reds.) 1992:165–85.

Madsen, D. en T. van Naerssen. 2003. Migration, identity and belonging. *Journal of Borderlands Studies*, 18(1):61–75.

- Malpas, J.E. 2018. *Place and experience. A philosophical topography*. 2de uitgawe. New York: Routledge.
- Maluleke, R. 2018. Crime against women in South Africa. *Statistics Series*, Volume 1. Verslag 03-40-05. <http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-40-05/Report-03-40-05June2018.pdf> (14 Januarie 2015 geraadpleeg).
- Mbiyozo, A.-N. 2018. Gender and migration in South Africa. *Institute for Security Studies*. <https://issafrica.s3.amazonaws.com/site/uploads/sar-16.pdf> (15 Mei 2019 geraadpleeg).
- Memela, S. 2014. *Vulnerabilities of African refugees in South Africa: A case study of Albert Park area*. School of Agriculture, Earth and Environmental Sciences. https://researchspace.ukzn.ac.za/bitstream/handle/10413/12280/Memela_Sinenhlanhla_2014.pdf?sequence=1&isAllowed=y (20 Mei 2019 geraadpleeg).
- Morris, A. 1998. Our fellow Africans make our lives hell: The lives of Congolese and Nigerians living in Johannesburg. *Ethnic and Racial Studies*, 21(6):1116–35.
- Palmary, I. 2016. *Gender, sexuality and migration in South Africa*. Cham, Switzerland: Palgrave Macmillan.
- Perl, G. 2019. Migration as survival. Withheld stories and the limits of ethnographic knowability. *Migration and Society: Advances in Research*, 2:12–25.
- Pessar, P.R. en S.J. Mahler. 2003. Transnational migration: Bringing gender in. *International Migration Review*, 37(3):812–46.
- Philipp, A. en E. Ho. 2010. Migration, home and belonging: South African migrant women in Hamilton, New Zealand. *New Zealand Population Review*, 36:81–101.
- Piper, N. 2009. International migration and gendered axes of stratification. In Piper (red.) 2009:1–18.
- Piper, N. (red.). 2009. *New perspectives on gender and migration. Livelihood, rights and entitlements*. New York: Routledge.
- Price, L. 2019. Komitee kap oproer. *Volksblad*, 7 Augustus, bl. 2.
- Prohansky, H.M., A.K. Fabian en R. Kaminoff. 1983. Place-identity: physical world socialization of the self. *Journal of Environmental Psychology*, 3(1):57–83.
- Said, E. 2000. Invention, memory and place. *Critical Inquiry*, 26(2):175–92.
- Segers, R.T. 2004. The underestimated strength of cultural identity: The search for cultural specificity between localization and globalizing tendencies. In Viljoen en Van der Merwe (reds.) 2004:175–97.
- Seyhan, A. 2001. Introduction. Neither here/nor there: the culture of exile. In Seyhan (red.) 2001:3–22.

Seyhan, A. (red.). 2001. *Writing outside the nation*. Princeton: Princeton University Press.

Ujang, N. en K. Zakariya. 2015. *The notion of place, place meaning and identity in urban regeneration*. <https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/S1877042815000889> (20 Julie 2019).

Van Alphen, E. 1991. The other within. In Corbey en Leerssen (reds.) 1991:1–16.

Vandermerwe, M. 2013. *Zebra crossing*. Kaapstad: Umuzi.

Van der Walt, A. 2019. Ons is onder beleg. *Volksblad*, 20 Augustus, bl. 6.

Van der Walt, S. 2019. Xenofobie in Suid-Afrika. Die woede kring uit. *Volksblad*, 6 September, bl. 2.

Van der Walt, S., P. Essop en L. Prince. 2019. Reaksie teen xenofobie. Afrika woedend. *Volksblad*, 5 September, bl. 1.

Viljoen, H., M. Lewis en C.N. van der Merwe. 2004. Learning about space – and about ourselves. In Viljoen en Van der Merwe (reds.) 2004:1–22.

Viljoen, H. en C.N. van der Merwe (reds.). 2004. *Storyscapes. South African perspectives on literature, space and identity*. New York: Peter Lang.

Voestermans, P. 1991. Alternity/identity: a deficient image of culture. In Corbey en Leerssen (reds.) 1991:219–50.

Wanka, N.N. 2008. The interrelations of violence – from the transnational to the domestic. Experiences of refugee women in Cape Town. MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland. <https://etd.uwc.ac.za/xmlui/handle/11394/2723> (15 Mei 2019 geraadpleeg).

Wasserman, H. 2000. Re-imagining identity essentialism and hybridity in post-apartheid Afrikaans short fiction. *Current Writing*, 12(2):96–112.

Eindnotas

¹ So byvoorbeeld kan Chipso identifiseer met die liedere van die walvisse in die museum wat vir haar die uitdrukking van verlange is (90).

² Dit is 'n aanstootlike term wat deur swart mense in Suid-Afrika gebruik word om na buitelanders te verwys. Dit is 'n Xhosa-woord bestaande uit *ama-* (meervoud) en *-kwerekwere*.

³ *Kwirikwiri* verwys na 'n swart persoon wat in die buiteland gebore is.

⁴ Geweld teen vroue in Suid-Afrika is 'n werklikheid (Statistiek Suid-Afrika 2018). Geen statistiek vir 2019 is nog uitgereik nie. Vrouemigrante is meer uitgelewer as gevolg van hulle lewensomstandighede en die gebrek aan 'n groter gemeenskap wat veiligheid kan bied.

⁵ *Discovery Health Limited v CCMA & others* (2008)7 BLLR663(LC)

⁶ Huishoudelike geweld is ook deel van die Suid-Afrikaanse verwysingsraamwerk en word dikwels om dieselfde redes nie aangemeld nie.